15 Augustus 2017

Geagte toekomstige Oosie

OOSTERLIG 'BOOT CAMP'

Baie welkom by Hoërskool Oosterlig! Ons hoop dat jy die volgende vyf jaar by ons voluit gaan geniet.

In die verlede het ons gesien dat as gevolg van die lang Desember vakansie, julle bietjie verroes is wanneer julle by Oosterlig aankom. Om die rede gaan jóú skoolloopbaan by Hoërskool Oosterlig met 'n "Boot Camp" begin!

Twee dae voordat die res van die skool hul 2018-jaar begin, moet jy reeds by Oosterlig aanmeld! Dit is nou **Maandag 15 Januarie en Dinsdag 16 Januarie 2018**. Tydens dié twee dae gaan ons jou bietjie verfris en opskerp ten opsigte van Afrikaans en Engels, leesvaardighede, asook Wiskundige vaardighede.

Die daaglikse program gaan behels:

08:00 – 09:15	:	Afrikaans
09:30 – 10:45	:	Engels
11:00 – 12:30	:	Wiskunde
13:00 – 15:00	:	Atletiekuitdunne

Wat moet jy saambring?
Bring saam: skryfbehoeftes en gemaklike klere, asook 'n hoed en báie sonskerm!
Jy hoef nie die 'Boot Camp" in skooldrag by te woon nie.

Enige navrae: Julle is welkom om met die skool in verbinding te tree. ONS IS DAAR VIR JOU!!

Jou waterbottel met inligting oor die graad 8-kamp lewer ons volgende kwartaal vir jou af!

Oosterliggroete.

_____

P H VAN VREDEN
HOOF